Sing vooraf: Psalm 31:14 (p. 146)

14 Beskaam, verskrik die goddelose, / laat hul in skande kom. / Laat in die dood verstom
die valse lippe van die bose, / hul wat my heilsverwagting / bespot het met veragting.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 68:15 (p. 337)

1 O Koninkryke, sing Gods lof! / Laat psalme oprys uit die stof – /dis God wat uitgetrek het!
5 Hy ry, bekleed met eer en mag, / hoog deur die hemel van sy krag / wat Hy met storms bedek het.
Die donderstemme, swaargedug, / verkondig in die hoë lug / sy mag voor al die volke.
Gee sterkte aan God – sy hoogheid is / oor Israel, sy erfenis; / sy mag is in die wolke.

Gebed

Psalm 36:3 (p. 179)

3 Van al wat leef, is U die bron; / van alle lig, die eewge son / wat afstraal in ons oë.
HEER, laat u reg en goedheid wees / oor wie opreg u ken en vrees / en steun op u vermoë:
laat trotse voet my nooit vertrap, / nóg bose hand in ballingskap / my dwing om rond te swerwe!
Daar val die werkers van die kwaad / vir altyd in 'n jammerstaat / waarin hul magt'loos sterwe.

Skriflesing: Johannes 12

Teks: Johannes 12:31; Kategismus Sondag 48

Nou is dit die oordeel van hierdie wêreld, nou sal die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf word. (Johannes 12:31 AFR1953)

Die duiwel is letterlik hier op die aarde – ons blyplek – los. Die Here sê so:

Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind. (1 Petrus 5:8 AFR1953)

En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp. (Openbaring 12:9 AFR1953)

En toe die draak sien dat hy neergewerp is op die aarde, het hy die vrou vervolg wat die seuntjie gebaar het; (Openbaring 12:13 AFR1953)

Prakties beteken dit dat die duiwel ons in elke opsig van ons lewe baie moeilikheid gee.

- Hy sal alles in sy mag probeer doen om ons van die Here te vervreem.
- Maar daar kom 'n einde aan sy heerskappy!

Ons lees in Johannes 12:31 en 16:11 dat die koning van die kerk, die Here Jesus Christus, sê dat die owerste van hierdie wêreld uitgedryf moet word, en ook uitgedryf sal word.

. . . en van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is.
(Johannes 16:11 AFR1953)

- Dit het toe ook so gebeur dat die Here Jesus met sy kruisdood die duiwel oorwin het, en ook nog daagliks beheer.

Maar dit is ook so dat ons steeds met die duiwel in konflik is.

- Want die Here Jesus gebruik ons ook in ons bekering om die duiwel se werke te beperk.
- Bekering se een kant is dat die mens die aanslae van die duiwel oor hom oorwin, breek met die sonde, en terugkeer in die geloof na God toe.
- Dit kan ons alleen doen as ons weet waaroor dit gaan – in God se Woord en in sy openbaring.

Dis ook waaroor alle preke/Woordbediening behoort te gaan.

- Vrug op die prediking is dus heel eenvoudig dat ons deur die prediking die openbaring van God in sy almag, genade en oordeel leer ken.
- In die Woordverkondiging hoor ons by die Here wat Hy van ons verwag, en hoe Hy ons toerus om bepaalde dinge te kan doen, en dat ons dit dan inderdaad gaan uitvoer.
- Sodoende beweeg ons al hoe verder weg van verkeerde en lelike dinge af, en beweeg ons al hoe meer op die pad van heiligheid.

So kom die koninkryk van God – nie in alle opsigte sigbaar nie, maar beslis, en ook in ons lewens.

- Eerste, omdat God self sy koninkryk bou,
- maar tweedens ook omdat die Here ons daarin gebruik.

Ons lewe nou nog in ’n stadium waarin die koninkryk van God gebou word.

- Hy rig dit eers volmaak op met die einde van ons tyd wanneer Hy op die wolke verskyn.
- Daardie oomblik gaan die kerk, wat nou nog strydend is, oor in die triomferende kerk – die kerk in sy oorwinning.

Die roem vir die oorwinning is nie die mense s’n nie, maar dié van die Koning van die kerk, want sy regering het die vervulling moontlik gemaak.

- In sy regeerwerk was die beslissende oomblikke van die kerk se oorwinning altyd sy eie werk – veral die soenverdienste aan die kruis, en die doodsoorwinning met sy opstanding.

Jesaja leer dat die HERE ons Koning is, en dat Hy ons sal red.

> **Want die HERE is ons Regter, die HERE is ons Aanvoerder, die HERE is ons Koning: Hy sal ons verlos.** (Jesaja 33:22 AFR1953)

- Hy leer dus eenvoudig dat die Here regeer en dat Hy ’n koninkryk het.
- Ons bid in die *Onse Vader* dat ons Vader wat in die hemele is sy koninkryk moet laat kom.
- Solank ons net altyd onthou dat die Here God ’n Drie-Enige God is, en dat die dinge wat die Vader van Homself aan ons geopenbaar het ook waar is van die Seun en die Heilige Gees.

Ons lees in Lukas 1:32-33 die volgende van die Here Jesus Christus:

> **Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee, en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie.** (Lukas 1:32-33 AFR1953)

Die Here Jesus Christus regeer dus in die koninkryk van God die Vader.

Ons behoort aan Jesus Christus die Here, en daarom is ons deel van hierdie koninkryk wat oor die grense van tyd en volke heen span. Nou is die vraag:

- Is ons bewus hiervan, en in watter mate onderwerp ons ons aan hierdie Koning wat beslis magtiger is as enige mag waarvan ons in ons bestaan bewus is?
- Kom ons bekyk hierdie saak uit 'n gelowige oogpunt en dan praat ons in bekende geloofstaal oor hierdie groot saak, en kyk hoe ver ons al afgestomp geraak het.

Wie is die Koning wat regeer? Ons kan ons belydenis oor wie die Here Jesus Christus is kortliks soos volg weergee:

- Ons erken die Here Jesus Christus as die ewige Koning van die kerk.
- Ons bely dat sy heerskappy so wyd en omvattend is dat daar nie een dingetjie is wat nie daaronder val nie.
- Ons glo dat Hy die Koning is wat deur die hele Ou Testament belowe is, en toe gekom het.
- Ons glo ook dat Hy weer kom om dan sy koninkryk in volmaaktheid tot in ewigheid te vestig.
- Ons glo veral dat Hy ons – sy uitverkorenes – met die mag van sy genade tot bekering beweeg.
    - Hy doen dit deur sy Woord en Gees.
    - Ons lees sy Woord, en ons hoor dit, en terselfdertyd onderwerp sy Gees ons aan Hom, sodat ons uit ons hart uit aan Hom gehoorsaam wil wees.

Daarom is dit voor die hand liggend dat die regering van die Koning Jesus Christus op twee maniere deur mense ontvang sal word.

- Die wat Hom haat, sal dadelik voel dat hulle bedreig word, want hulle wil nie aan Hom gehoorsaam wees nie, en hulle wil ook nie aan die beperkinge van sy wil onderwerp wees nie.
- Die ware gelowige, aan die ander kant, waardeer die regering van hierdie Koning omdat hy daarin die waarborg en die sekerheid van alle dinge sien.
    - Hierdie mens ervaar 'n salige gevoel van blydskap in sy hart omdat hy weet dat sy lewe en sy toekoms veilig is, en dat selfs sy daaglikse lewe gewaarborg word deur die krag en wysheid van hierdie ewige Regeerder.

Die opregte gelowige ervaar ook die regering en die koningskap van die Here Jesus Christus al hoe meer, want hy voel hoe die Here hom toenemend aan Hom onderwerp.

- Dit beweeg die gelowige om homself al hoe meer aan die Here te onderwerp;
- om sy sondes al hoe meer af te sterf, en saam met alles te groei in die geloof, sodat daar in hom 'n lewe tot stand kom wat groei na die volmaakte toe.

Al hoe ryper ons geloof word, al hoe meer besef ons die gevaar waarin ons lewe. En ons is werklik in gevaar, want hierdie gedeelte van ons lewe het 'n groot veld van onsigbare dinge.

- In daardie onsigbare wêreld is daar kragte waarteen ons ons moeilik kan versit.
- Daarom moet ons bid vir bewaring – ons moet bid vir beskerming onder God se krag.
- Ons moet ook bid dat die Here ons moet help in ons swakhede sodat ons die sonde kan oorwin.
- Dus: Ons moet bid dat God se koninkryk moet kom.

Ons weet ook dat die kerk die middelpunt van God se verbond is, en daarom ook van sy koninkryk.

- Binne die kerk is die mense met wie God sy genadeverbond opgerig het in Jesus Christus.
- Dis die mense wat glo in God se liefde en beskerming.

As die Koning van die kerk op die wolke kom, is ons volmaak en lewe ons ewig, met soveel heerlikheid wat ons oorspoel dat geen mens dit kan oorvertel nie.

Dis tog wat ons bely in Kategismus Sondag 48. Kom ons lees dit saam.

Vraag 123: Wat is die tweede bede?

Antwoord: Laat u koninkryk kom. Dit is: Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp (a). Bewaar u kerk en laat dit groei (b). Vernietig die werke van die duiwel, elke mag wat teen U opstaan, en alle kwaadwillige planne wat teen u heilige Woord bedink word (c), totdat die volkomenheid van u ryk kom (d), waarin U alles in almal sal wees (e).

(a) Ps 143:10; 119:5; Matt 6:33. (b) Ps 51:20; 112:6. (c) 1 Joh 3:8; Rom 16:20. (d) Op 22:20; Rom 8:22, 23. (e) 1 Kor 15:28.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 145:1, 12 (p. 696)

1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlikheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Koningseer wat alle krone͡oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.

12 Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?... / Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die Heer!
Laat alle vlees vir ewig en altyd / sy Naam verhef so hoog in heerlikheid!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 5 Oktober 2008